# HESSEQUA
Munisipaliteit / Municipality / U Masipala

*Rig alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder*
*Address all correspondence to the Municipal Manager*

Tel:( 028) 713 8000
Faks / Fax: 086 4015 118
Posbus / P.O. Box 29, RIVERSDAL(E), 6670
E-pos / E-mail: info@hessequa.gov.za
www.hessequa.gov.za
Van den Bergstraat
RIVERSDAL(E)


Verw. / Ref: 15/R

Navrae/Enquiries: Bertus Hayward

PlanServ (ty)Ltd
Posbus 64
Riversdal
6670

3 Junie 2021

Via elektroniese pos:

madie@planserv.co.za

Me Madie Coetzee

**GOEDGEKEURDE RIVERSDAL PROR**

Bogenoemde het betrekking.

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 9 van die Hessequa Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning 2015 dat die PROR vir Riversdal aanvaar is tydens 'n Munisipale Raadsvergadering gehou op 28 Mei 2021 met onder andere die volgende voorwaardes wat van toepassing is op u voorgenome aansoek:

1.1. Dat Restant van Erwe 21 en 22, Riversdal Nedersetting, ten volle ingesluit word binne die stedelike Randgebied van Riversdal;

1.2. Dat die aansoekproses vir die voorgestelde ontwikkeling van 'n gedeelte van Restant van Erf 21, Riversdal Nedersetting, verder geneem word;

Die volgende kommentare word wel onder u aandag gebring:

SANRAL

Let daarop dat SANRAL nie tydens hierdie proses gevra is vir kommentaar nie, aangesien geen voorstelle ten opsigte van toegange gemaak is vanaf die N2 nie. Hul kantoor het wel op 'n vorige geleentheid goedkeuring gegee vir 'n enkel toegang na 'n vulstasie wat dan dienooreenkomstig goedgekeur was, maar nie vir verdere residensiële ontwikkeling nie. Sou die toegang wel gebruik word vir 'n residensiële ontwikkeling dan sal een van die ander toegange na die Riversdal dorp gesluit moet word, wat hoogs onwaarskynlik is.

CAPENATURE

In a letter from the Western Cape Department of Nature Conservation, dated August 19, 2016, any proposed development on the portion of Remainder of Erf 21 on the south side of the N2 National Road is not supported, due to the endangered rhino field present there and what was already ploughed into the past. The portion of Remainder of Erf 21 is also located in a critical biodiversity area, according to the said letter. The Department objects to the application for Environmental Approval of the portion of Remainder of Erf 21, Riversdale Settlement.

Indien u enige verdere navrae het, kontak die skrywer.

Die uwe

**HS VISSER**
**DIREKTEUR ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

Rig alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder
Address all correspondence to the Municipal Manager

# LANGEBERG

Munisipaliteit / Municipality / U Masipala

Tel.: (028) 713 2418, 713 2419, 713 2420
Faks/Fax: (028) 713 3146
Posbus / P. O. Box 29, RIVERSDAL(E) 6670
E-pos/E-mail: riversdal@ezinet.co.za

Verw./Ref: **RIV/21** Navrae/Enquiries: **C. SAAYMAN**

**2003-12-10**

**REGISTREER**
10/12/2003

31/1/2003
Tyd appèl om

**Mnr. Nico Malan**
Malan Rademeyer en Genote
Anreithstraat 4
**STELLENBOSCH**
7600

Meneer

**AANSOEK OM ONDERVERDELING EN HERSONERING VAN ERF 21 LANDELIKE GEBIED RIVERSDAL – DIENSSTASIE**

U beswaar gedateer 12 Februarie 2001 soos ingedien by die destydse Streeksdiensteraad te George het betrekking.

Tydens die uitvoering van die omgewingsimpakstudie moes die applikant in lig van die besware wat ontvang is 'n alternatiewe ligging van die perseel vir die vestiging van 'n vulstasie, aandui. Die aansoek wat hiermee goedgekeur is, het betrekking op die gewysigde perseel, wat 1km weg (verder Wes) geleë is, van die woongebied van Riversdal dorp. Die nuwe ligging van die perseel spreek die besware wat ontvang is aan.

Die Langeberg Raad het die bogenoemde aansoek saam met die kommentare en besware wat ontvang is ten opsigte van die voorgestelde onderverdeling en hersonering asook die Rekord van Besluit van Departement Omgewingsake van 4 November 2003 oorweeg tydens sy vergadering van 9 Desember 2003.

Hiermee om u mee te deel dat die Raad die aansoek om onderverdeling waarvolgens 3 ha afverdeel word van Erf 21 Riversdal ingevolge Artikel 24 van Ordonnansie 15 van 1985 asook die aansoek om hersonering van die 3 ha gedeelte van Erf 21 vanaf Landbou I na Sake V (diensstasie) ingevolge Artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur het. Die goedkeuring behels die volgende en is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

| | |
|---|---|
| Vulstasie | 3 x 15 000 liter brandstoftenks |
| | 1 x 20 000 liter brandstoftenks |

Restaurant
Kafee / Geriefswinkel
Vragmotorstop vir maksimum 8 swaar voertuie

67
66
5/1/2004

**Voorwaardes**:

1. Dat die applikant verantwoordelik is vir alle kostes ten opsigte van die voorsiening van munisipale dienste aan die ontwikkeling.

2. Dat die applikant verantwoordelik is vir alle kostes ten opsigte van die aansluiting van die interne dienste by die Raad se bestaande dienstelyne en indien die dienstelyne opgradeer moet word om die ontwikkeling te akkommodeer, die applikant ook verantwoordelik sal wees vir sodanige kostes.

3. Dat die applikant 'n diensteooreenkoms waarvolgens voldoen moet word aan die Raad se standaard voorwaardes, met die Raad aangegaan word.

4. Dat 'n ontwikkelingsplan met betrekking tot die uitleg en estetika van geboue aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring.

5. Dat die goedkeuring van die S.A Padagentskap vir die verkeersuitleg aan die Raad voorgelê word en dat voldoen word aan die volgende voorwaardes soos opgelê deur die S.A. Padagentskap:

5.1 Geen bouwerk of iets anders (met begrip van iets wat verbind is aan die grond waarop dit staan al maak bedoelde grond nie deel van die erf uit nie) mag op die betrokke grond, sonder die skriftelike goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk, binne 'n afstand van 30 meter, gemeet vanaf die grens van die nasionale pad opgerig, aangelê of tot stand gebring word nie.

5.2 Dat die applikant daarop gewys word dat hy die voormelde voorwaarde ingevolge die bepalings van Artikel 48(4)(a) van Wet 7 van 1998 op eie koste in die titelakte van die erf moet invoeg en dat hy binne 12 maande bewys aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Bpk moet lewer dat die invoeging gedoen is.

5.3 Wat die voorgestelde ontwikkeling betref, kan parkering, interne paaie en landskapontwikkeling aangelê word tussen 20 meter en 30 meter gemeet vanaf die bestaande padreserwe grens en dienste soos krag, telefoon, water en riolering kan tussen 10 meter en 20 meter vanaf die padreserwegrens geakkommodeer word.

5.4 Dat 'n ingenieursverslag vir voorlopige goedkeuring van die diensstasie fasiliteit aan die S.A. Nasionale Padagentskap voorgelê word.

6. Dat voldoen word aan die voorwaardes soos opgelê deur Departement Omgewingsake volgens die Rekord van Besluit Verwysing SNO 25/4/100 (3425) van 4 November 2003.

7. Dat voldoen word aan die volgende voorwaardes soos opgelê deur Departement Gesondheid van die Distriksmunisipaliteit:

    7.1 Dat water vir huishoudelik gebruik alleenlik gesuiwerde water volgens ooreenkoms vanuit die Langeberg Munisipale (Riversdal) verspreidingsstelsel sal wees. 'n Afskrif van sodanige ooreenkoms moet aan hierdie Raad voorsien word.

7.2 Dat huishoudelike vullis volgens ooreenkoms op 'n geregistreerde stortingsterrein ingevolge Artikel 1 van die Wet op Omgewingsbewaring (Wet 73 van 1989) gestort word. 'n Afskrif van sodanige ooreenkoms moet aan hierdie Raad voorsien word. –Toepaslike voertuig.

7.3 Dat die perseelriool volgens die SABS-standaarde ontwerp word en dat dit aansluit by die Langeberg Munisipale (Riversdal) riool. Bewys dat die riool aangesluit is, moet aan hierdie Raad voorgelê word.

7.4 Dat 'n volledige stormwater / rioolstelsel deur 'n ingenieur ontwerp en onder sy toesig geïnstalleer word.

7.5 Dat afskrifte van alle ontwerpe, planne, ooreenkomste en ingenieursertifikate van dienste geïnstalleer, by hierdie Raad na voltooiing ingedien word.

U word daarop gewys dat u 'n reg van appél het teen die Raad se besluit. In hierdie verband verwys ek u na artikel 44 van Ordonnansie 15 van 1985 wat bepaal dat sodanige appél binne 21 dae uitgeoefen moet word. Die appél behels 'n volledige gemotiveerde appél binne 21 dae van registrasie van hierdie skrywe en nie slegs 'n voorneme om te appélleer nie.

Appél word gerig aan:

Direkteur, Departement Ontwikkelingsbeplanning, Privaatsak X9086, Kaapstad, 8000 met 'n afskrif daarvan aan hierdie kantoor.

Dit sal waardeer word indien u die persone wat u beswaarskrif onderteken het, ooreenkomstig die inhoud van hierdie skrywe kan inlig.

Met verwysing na Voorwaarde 6, word 'n afskrif van die Rekord van Besluit van Departement Omgewingsake hierby aangeheg.

Die uwe

**J.H. VELDSMAN**
**MUNISIPALE BESTUURDER**